

Die sondeval was fataal!

Die mens wil graag voel dat hy in beheer is. Daarom is dit vir hom bitter moeilik om te erken dat hy dood is in sy sondes. Ja, daarom beweër die dwaalleraars: “Die mens wat nie weergebore is nie, is nie werklik en nie heeltemal dood in sondes nie. Ook is alle kragte om die geestelik goeie te doen hom nie ontnem nie. Hy kan nog honger en dors na die geregtigheid en die lewe en kan die offer van ’n verslae en gebroke gees, wat God welgevallig is, bring.” Die Sinode het die dwaling verwerp, want die sondeval was werklik fataal!

Hoewel die mens dalk self nie so dink nie is dit belangrik om te vra wat God dink. Sy Woord sê (vers 5-6): “Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief.” God self het dus na die sondeval gesien dat die mens geestelik werklik dood was, sy verdorwenheid was so groot “dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink ...” Ja, die sondeval was so fataal dat God bedroef was daaroor dat Hy die mens gemaak het. “Dit het Hom diep gegrief.” Slegs iemand wat weer deur God geestelik lewendig gemaak is kan dus “honger en dors na die geregtigheid en die lewe en kan die offer van ’n verslae en gebroke gees, wat God welgevallig is, bring.” Gevolglik het die Sinode die dwaling verwerp en gesê hierdie dinge is “slegs eie aan die wedergeborenes en hulle wat salig genoem word ...”

As jy bedroef is oor jou sonde en smag na die versoening in Christus moet jy die Here dank dat Hy jou klaar geestelik lewendig gemaak het!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~